

Boekbesprekings / Book Reviews

***Encyclopedic Prosopographical Lexicon of Byzantine History and Civilization*, vol. 1 Aaron – Azarethes, edited by Alexis G. Savvides & Benjamin Hendrickx (Assistant Editors Alicia J. Simpson & Thekla Sansaridou-Hendrickx) Brepols Publishers (Turnhout 2007) pp. XLI + 476.**

Dit gebeur nie aldag dat 'n Afrikaanse resensent 'n internasionaal-erkende naslaanwerk op die relatief rare gebied van die Bisantinistiek (die studie van die Griekse Middeleeue) ter hand neem en met genoë kan kennis neem van die waardige, en waardevolle, bydraes daartoe van talle van sy Suid-Afrikaanse en Afrikaanse kollegas nie. Die eerste volume, in Engels, van die pas-verskene "*ensiklopediese prosopografiese leksikon van die Bisantynse geskiedenis en beskawing*" (EPLBHC) staan onder die redaksie van Prof Alexios Savvides, professor in Bisantynse geskiedenis aan die Universiteit van die Egeïese See en jarelange vriend van Suid-Afrika, asook besoekende professor aan die eertydse Randse Afrikaanse Universiteit, en van Prof Ben Hendrickx, tans (2009) emeritus professor aan die RAU en die *University of Johannesburg*.

Dit is geen geheim nie dat die studie van die Griekse en Latynse studies van die Klassieke en die Middeleeuse tye sedert ongeveer die middel van die tagtigerjare van die vorige eeu 'n treurige aftog in Suid-Afrika moes blaas. Die realiteite van die politieke-ekonomiese ontwikkelingsbehoefte van Suid-Afrika het eenvoudig nuwe waardes in die universiteitswese afgedwing. Die studie van Grieks en Latyn en die Antieke Geskiedenis het dus, soos die studie van trouens alle vreemde tale, Europees of andersins, sedert die middel van die 1980's begin agteruitgaan; talle universiteitsdepartemente het begin krimp, sodat die Klassieke, die Bisantinistiek en die Medievalistiek vandag in die algemeen bloot floue afskaduwings van hul vroeëre glorie as vakgebiede in SA is. Juis daarom is 'n mens so aangenaam verras en dankbaar by die verskyning van hierdie werklik internasionale publikasie waarin bydraes, *lemmas* of inskrywings, van nie minder nie as veertien (uit die totaal van eenhonderd bydraers) vooraanstaande SA klassici verskyn. Van deurslaggewende belang daartoe is die rol gespeel deur Prof Ben Hendrickx, die vermaarde en deurwinterde klassikus-medievalis wat sedert sy aansluiting by die toentertydse Randse Afrikaanse Universiteit in 1971 (tans die *University of Johannesburg*) 'n reuse rol gespeel het in die uitbouing van die vakgebied op Afrika-bodem. As mede-hoofredakteur van hierdie publikasie het hy verseker dat elke bruikbare SA geleerde se potensieële bydrae bygetrek word om 'n waardige rol te speel. Prof Hendrickx is hierin getrou bygestaan deur sy eggenote, Thekla Sansaridou-Hendrickx, 'n bedrewe Bisantinis-Graïkus in eie reg.

Die EPLBHC het oorspronklik in 'n Griekse weergawe verskyn, dog is met die finansiële ondersteuning van die Europese Gemeenskap se Kultuur 2000-program nou in die Engels vertaal, aangevul deur nuwe besonderhede en 'n nuwe bibliografie. Sodat sewe volumes van ongeveer 470 pp. elk, met 'n agste volume wat 'n algemene bibliografie, 'n kumulatiewe indeks en die uiteindelijke *addenda et corrigenda* sal bevat, word vir die volledige werk voorsien. Die volgende volume word binnekort verwag. Volume I dek inskrywings onder die letter A, volume II, dié onder B,C,D en E, volume III dié onder F, G (insluitende die *gamma*-inskrywings uit die Grieks), H, I en J; volume IV, dié onder K, L en M; volume V, dié onder N, O, P en Q; volume VI, dié onder R, S en T, volume VII, dié onder die letters U, V, W, X, Y en Z.

Die redakteurs wys in hul Voorwoord (pp. V-VIII) daarop dat hul onderneming (d.w.s die EPLBHC) volledig terugloop op 'n lewende tradisie van persone-leksikons in die antieke

geskiedenis en die medievalistiek. In hierdie verband verwys hulle na die *Prosopography of the Later Roman Empire* van Jones, Morris en Martindale, Winkelmann en Lillie se monumentale *Prosopographie der mittelbyzantinischen Zeit*, wat deur die Prosopographisches Lexikon der Palaiologenzeit van Trapp opgevolg is. Die EPLBHC kon dus kapitale groei toon op die voortrefflike werk wat deur sy internasionale voorgangers gedoen is, ook op die onlangse elektroniese Britse weergawe van die *Prosopography of the Byzantine Empire (PBE)* onder leiding van John Martindale. 'n Vername hulpmiddel was die prosopografiese argiewe van die "Databank van die Bisantynse Geskiedenis", 'n kollektiewe navorsingspoging uitgevoer sedert 1981 aan die Bisantynse Navorsingsentrum van die Griekse Nasionale Navorsingstigting in Athene, waaraan Prof. Alexios Savvides aktief meegewerk het.

Die *scopus* van die EPLBHC – as 'n versameling van Bisantynse en daartoe relevante Middeleeuse prosopografie – word noukeurig deur die redakteurs omskryf: iedere inskrywing betrek 'n persoon (*proson*) wat direk (d.w.s. as protagonis), of indirek, 'n tasbare invloed op die Bisantynse geskiedenis of beskawing uitgeoefen het. Daarmee wil die EPLBHC 'n goedgefundeerde oorsig van die materiaal wat nodig is vir 'n omgangskennis met die Bisantynse geskiedenis en beskawing, bied, tesame met gedetailleerde bibliografieë van die primêre bronne en sekondêre werke wat op elke *lemma* betrekking het. Bisantynse rolspelers van vreemde herkoms (soos mense en volkere uit Wes-Europa, Skandinawië, die Slawiese groepe, Asië en Afrika) word ook behandel, asook persone uit alle relevante Bisantynse velde, soos die hagiologie en hagiografie; godsdiens, die kloosterlewe en die teologie; die argeologie, argitektuur en die kunste; die geografie, die topografie en studie van naasliggende gebiede; die geskiedenis, geskiedskrywing en chronografie; die wetenskappe en die geneeskunde; die musiek en himnografie; letterkunde, taal en filologie; die reg en instelling; filosofie en die intellektuele lewe; die politiek, diplomatie en die militêre, en die munt- en seëlkunde.

Die redakteurs gee geredelik toe dat dit nie moontlik sou wees om iedere persoon – veral randstandige persone – wat in die Bisantynse en ander Middeleeuse bronne vermeld word in die leksikon in te sluit nie. Dit sluit wel "groepe" soos dinastieë, maatskappye (of: korporasies) en families in. In hierdie verband is die Katalaanse Kompanie, Armeense Silesië, die dinastie van Aksoem, die Artukiede, die Danishmendiede, die Vandale, asook die Acciaiuoli, die Crispo, die Ghisi en die Tocco ook in die leksikon opgeneem. Uiteindelik sal die EPLBHC sowat seweduisend inskrywings insluit wat op persone, families, dinastieë en so meer fokus.

Lemmata in die EPLBC is in alfabetiese volgorde (chronologies waar daar meer as een persoon met dieselfde naam/voornaam voorkom) geplaas en is onderteken met die individuele bydraer se voorletters, sodat die gebruiker of leser haar/hom geredelik in die lys van bydraers kan opspoor. Elke *lemma* verskaf die feitelike verhaal van die betrokke persoon of groep, bespreek kontroversiële aangeleenthede en takseer sover moontlik kortliks die bydrae(s) van elkeen. Alle inskrywings word deur 'n bibliografie afgesluit waarin die tersaaklike primêre bronne en mees resente sekondêre literatuur so gedetailleerd moontlik vermeld word. Die ekonomiese gang van inskrywings en die situasie van bibliografiese materiaal word aangehelp deur die standaard-gebruik (vir die Bisantinistiek, altans) van afkortings vir vakytdskrifte, monografieë, naslaanwerke, reekse, ensiklopedieë, woordeboeke en so meer; die afkortings word alfabeties by die aanvang van elke volume van die Leksikon gelys en is gevolglik geredelik en in die oog lopend ter insae beskikbaar.

Ter illustrasie van die algemene werkwyse wat in die EPLBC gevolg is, verskaf ek hier 'n enkele voorbeeld van 'n (kort) inskrywing (p.132):

ALEXANDER (fl. 10th C.). Metropolitan of Nicaea; teacher of rhetoric in the University

of Constantinople (before 944); author of a commentary on Lucian. An epigram in the *Anthologia Planudea* describes him as a ‘star of knowledge’. During the patriarchate of THEOPHYLAKTOS he was deposed and subsequently arrested and deported to the monastery of Monobates, where he remained confined to a cave for months on end. The reason for his deposition and incarceration are unknown, but they may possibly relate to financial maladministration. In any case, a new metropolitan (Lazaros) was promptly elected in his place. Meanwhile, during the period of his imprisonment he wrote to friends, and even to Theophylact himself, describing the tribulations of his exile and pleading for release. It is unknown whether his petition was granted. Twenty of his letters are preserved in cod. 706 of the Monastery of Patmos. Nikolaos I MYSTIKOS also wrote a letter to him during his second term as patriarch.

BIBL.: *Theophanes Continuatus*, CS, 446 – *Anthologia Palatina*, ed. F. Dübner, 16, 281 – J. Darrouzès, *Epistoliers byzantins du Xe siècle* (Paris, 1960), 67-98 – P. Maas, ‘Alexandros von Nikaia’, *BNJ* 3 (1922), 333-6 – *ΘHE* 2, 111 – *EAH* 2, 227.

S.M.”

Brepols Uitgewery, die redakteurs en alle bydraers – veral die Suid-Afrikaners onder hulle – wat betrokke is by hierdie omvangryke en ambisieuse vaknaslaanwerk kan gelukkig word met die verskyning van die eerste band daarvan. ’n Mens vertrou dat die volledige reeks sy nut en gehalte kumulatief en by die gebruik daarvan sal bewys.

Hierdie resensent is nie bewus van enige vorige projek met dergelike omvang waarby SA antieke- en Middeleeuse historici ooit betrokke geraak het nie. ’n Mens kan slegs maar hoop – waarskynlik teen die verwagting in – dat die vlam van Grieks en Latyn, en die historiese studies wat daardeur bemiddel word, oor die volgende jare hier ter lande steeds hoog sal brand en sulke betrokkenheid steeds moontlik sal maak.

Francois Bredenkamp

'n Vreemdeling op deurtog (Hennie Aucamp), 2007

Pretoria Boekhuis: Pretoria

ISBN 978-1-86919-202-0

Sagteband, 136 bladsye

Hierdie bundel van Hennie Aucamp bestaan uit 18 kortverhale en/of essays, waarvan enkeles elders opgeneem is. In wese fokus die bundel op verganklikheid en verlies, veral soos dit ervaar word deur die bejaarde alleenloper. Die twee motto's voor in die bundel tree in dié opsig as belangrike inleiers van die verganklikheidstema op wat in die meeste tekste aan die bod kom. Die motto's lei onderskeidelik soos volg: "Perhaps all of life is no more than a long preparation for the leaving of it" en "Death is first and foremost a career move". Hierdeur word direk aangesluit by die bundeltitle en word die idee dat die aardse lewe alleenlik 'n tydelike verblyf is, sterk beklemtoon.

Die verganklikheidstema word op die spits gedryf in die essayistiese "Die troos van laaste testament" wat op uitsonderlike en ontroerende wyse die verband tussen kuns (in die vorm van van musiek, visuele kuns en letterkunde) en die sterwensproses behandel. Die kern van hierdie essay is dat kuns veel beter sterwensbegeleiding verskaf as vriende en familie, aangesien kuns self oënskynlik onsterflik is. Aucamp se slotgevolgtrekking in hierdie essay is insiggewend: "Miskien is herinneringe ons enigste laaste troos. Herinneringe aan goeie mense en mooi ervarings wat oor ons pad gekom het; en hier wil ek Albert Schweitzer byhaal, wat gesê het: Moet nooit die krag van 'n mooi herinnering onderskat nie." Hierdie is 'n belangrike stelling aangesien die geheue baie nou by verganklikheid, aftakeling en verlies aansluit, want die geheue bring beswering en op 'n manier onsterflikheid mee.

Aftakeling en verwording is ook in die fisiese omgewing waarneembaar. In die reisessay, "Soos lakens op die bleik" vertel Aucamp van 'n winterreis deur Amsterdam. Na sy omswerwinge deur 'n vervalde Amsterdam kom Aucamp tot die volgende openbarende gevolgtrekking: "Mense kan verdwyn, is die gedagte wat my telkens deur die kop gespeel het. Verdwyn asof hulle nooit was nie. Ek het met onsteltnis na party vuil gragte gekyk, met onbeskryflike rommel op die ysoppervlakte. As die dooityd begin, gaan die rommel deursak, insak, tot diep in die modder van 'n kanaal, en wie weet tereg kom langs Denise Lübeck".

Fisiese aftakeling of gebreke, wat nou aansluit by die betreklike sterk fokus op die vleeslike (wat weer nou saamhang met die dekadente), kom in verhale soos "'n Vreemdeling op deurtog" (met sy fokus op Vigs), "Soos lakens op die bleik" en "Bengelende pype" aan die bod. Laasgenoemde beskryf op ontroerende wyse die laaste dae (na die amputasie van sy een been) van Ernst van Heerden, waar die dood homself reeds in die vleeslike tuismaak soos die volgende mededeling van Aucamp aantoon: "Wat ek gesien het, en wat my baie ontstel het, is dat die tone van Ernst se oorblywende voet blouswart is, maar ek het nie 'n woord daarvoor gesê nie".

Naas die tipiese Aucamp-treke soos die gekunstelde taalgebruik (woorde soos byvoorbeeld "sagryn" en "vadsig"), kunssinnige belesenheid en dekadente sfeer wat die verhale omgeef, word daar soos in baie van Aucamp se vorige werk aandag aan die randfiguur of *underdog* geskenk. Die Aucamp-oeuvre word bevolk deur perifere karakters soos manlike en vroulike prostitute, transseksuele, "drag queens", boemelaars en bergies. Dit is juis verhale waarin die sosiale verskoppeling as hoofkarakter figureer wat myns insiens as Aucamp se beste verhale beskou kan word. In dié opsig kan gedink word aan deerniswekkende verhale soos "Georgie" en "Stephen en Fay". Die beste voorbeelde hiervan in die bundel onder bespreking is "Die manlike musiek van rots en see" en "Die onwillige Samaritaan". Laasgenoemde gaan oor die terloopse en kortstondige mentorskapsverhouding tussen 'n ouer bergklimmer en 'n "oorverfynde Engelse

seun” wat mekaar eendag op die roete teen Leeukop uit ontmoet. Die meer ervare bergklimmer kan aanvanklik nie verstaan waarom die seun so oorgevoelig, antagonisties en opstandig optree nie, totdat dit later duidelik word dat die seun ’n bloeier is en nooit deur sy ouers toegelaat word om sonder toesig buite te kom nie. Hierdie verhaal sluit baie nou aan by die kontrasterende tema van fisieke ingeperktheid teenoor fisieke vryheid.

Die dualisme tussen fisieke aantreklikheid en onaantreklikheid word uitgebreid in die bundel ondersoek. Dit kom veral tereg in die collage-verhaal cum essay “Blinde vensters, blinde spieëls” wat soos volg begin: “Die onmoorie en die skone bestaan naas mekaar in die letterkunde en die kunste, soos ook in die lewe, nie noodwendig in opposisie nie, soms selfs in simbiose”.

Aucamp beskryf die oppervlakkige wêreld van die gay-stoombadkultuur in onverskrokke terme. Die eensaamheid wat hierdie bestaan kenmerk (veral vir die ouer gay), word op ’n nugter en siniese toon aan die leser voorgehou. Dit is duidelik dat Aucamp grootliks sy illusies verloor het, aangesien dit duidelik is dat daar ook binne hierdie konteks sprake is van aftakeling, alhoewel dit meer na die emosioneel-psigologiese neig. Die volgende teksaanhaling dien as voorbeeld: “Hy het op ’n afstand bly staan, sy lyftaal apologeties, soos dié van alle ouer mans in badhuise. Ekskuus, sein ’n ouer lyf oor, my ouderdom was ’n ongeluk, en ek wens ek kon dit verhelp het, bloot al om jonger badgaste se estetiese gerief”.

Die dekadensie (wat noue aanklank vind by die groteske en makabere) is onteenseglik Aucamp en kom in ’n aantal verhale en/of essays voor. Miskien is die beste voorbeeld hiervan “Life is a cabaret, old chum” wat ’n gefiksionaliseerde weergawe (soos vertel deur ene Madame Zichy) bied van Berlyn tydens die Weimar-era. Die volgende aanhaling getuig van ’n dekadensie wat uiters grotesk aandoen: “Daar was ’n ontkleekklub vir mans”, vertel Madame Zichy verder, “ek bedoel, net mans is toegelaat, maar die strip-teasers was vrouens. Elke man het ’n masker by die deur gekry, ’n pienk varkenskop. Die mans het by die ronde tafeltjies gesit, en onder die tafel het ’n meisie of ’n moffie ‘in drag’ gesit wat die varke tydens die vertoning afgesuig het, teen ’n geringe footjie”. “Life is a cabaret, old chum” is ’n goeie voorbeeld van ’n subkultuur-verhaal wat erg humoristies aandoen, maar myns insiens sal slegs lesers wat van bepaalde kodes bewus is die verhaal na waarde kan skat.

Hennie Aucamp kan beskou word as een van die mees “demokratiese” skrywers in Afrikaans aangesien hy die vermoë besit om beide die elitistiese en algemeen menslike tot hul reg te laat kom. Dit is waarom kunssinniges en die gewone leser aanklank by hierdie uitstekende bundel van Aucamp sal vind.

Neil Cochrane

Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap
Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)

Marthinus van Bart (red.). 2008. *Songs of the veld and other poems.*

Kaapstad: Cederberg Publishers

Prys: R285.

304 bladsye

ISBN 978-0-620-39432-1

Hierdie boek is 'n faksimilee-uitgawe van 'n publikasie wat in 1902 in Londen deur New Age Press uitgegee is, en nou voorsien is van die subtitel Engelse gedigte oor die Anglo-Boere-oorlog/English poems on the Anglo-Boer War asook 'n uitgebreide inleiding deur Marthinus van Bart. Die faksimilee-uitgawe beslaan ongeveer 140 bladsye, terwyl die inleiding uit 160 bladsye met parallelle Afrikaanse en Engelse tekste bestaan.

Marthinus van Bart, kultuurjoernalis van Die Burger, het hom sterk beywer vir die oprigting van 'n monument vir die Kaapse rebelle wat aan die Anglo-Boere-oorlog deelgeneem het. Onder die rebelle, skryf hy, moet nie net gereken word diegene wat aan Boerekant gaan veg het nie, maar ook inwoners van die Kaapkolonie wat hulle op nie-militêre wyse verset het, onder andere deur die skryf van protesgedigte. *Songs of the Veld* bevat ongeveer sewentig gedigte, van die hand van Britse, Ierse, Australiese en Amerikaanse digters, maar daar is ook veertien gedigte deur inwoners van Suid-Afrika. Hierdie digbundel was aanvanklik in Suid-Afrika verbied. Die Suid-Afrikaanse digters moes dan ook onder skuilname skryf en hulle identiteit is eers jare later vasgestel. Soos blyk uit 'n studie van 1978, deur Malvern van Wyk Smith, het daar naas die gedigte in *Songs of the veld*, talle gedigte, in Engels en ander tale, ten tyde van die oorlog verskyn. Nie al hierdie gedigte is van hoë literêre gehalte nie. Van Bart is dan ook van mening dat die gedigte in *Songs of the veld* nie volgens die gebruikelike literêre maatstawwe beoordeel behoort te word nie maar eerder as protesverse waarin 'n bepaalde boodskap op 'n toeganklike wyse tuisgebring word (p. xxvi). Soos ook uit Van Bart se inleiding (pp. cxvi-cxviii) blyk, was sommige van die digters pasifiste wat teen oorlog as sodanig geprotesteer het, terwyl die Amerikaner Bertrand Shadwell, wat dertien gedigte tot die bundel bygedra het, gemotiveer is deur 'n teenkating teen imperialisme, nie net Britse imperialisme nie, maar ook Amerikaanse imperialisme, wat onder meer na vore gekom het in die Amerikaanse optrede in die Filippyne in die jare rondom 1900. As die gedigte van die ses Suid-Afrikaanse skrywers van nader bekyk word, blyk dit dat daarin veral geprotesteer word teen wat later die Britse "metodes van barbarisme" genoem sou word, waaronder die teregstelling van Kaapse rebelle.

Van Bart fokus in sy inleiding op die ses Suid-Afrikaanse digters. Onder hulle is C. Louis Leipoldt, wat in 1902 vir studie na Brittanje vertrek het en wat hom waarskynlik veral daarvoor beywer het dat *Songs of the Veld* in druk verskyn het. Hiervoor is daar egter geen direkte bewyse nie. Een gedig in die bundel (wat onder die voorletters L.W.B. verskyn het) word aan Leipoldt toegeskryf en is waarskynlik sy eerste gepubliseerde gedig (pp. xvi, 44). Onder die ander digters was daar drie vroue. Hulle was Anna Purcell, Betty Molteno (dogter van die eerste premier van die Kaapkolonie) en Alice Greene. Laasgenoemde twee was goed bevriend met die bekende Boeregesinde skrywer en aktivis Olive Schreiner. Verder was daar Friedrich Kolbe, 'n Rooms-Katolieke priester, en Albert Cartwright, redakteur van *The South African News*, 'n Kaapse koerant wat die Britse optrede in die oorlog skerp gekritiseer het. Van Bart het deeglike navorsing gedoen en verskaf waardevolle inligting oor hierdie persone.

Die eerste deel van Van Bart se inleiding, "politiek-historiese agtergrond", bevat insiggewende aantekeninge oor die Britse pro-Boerbeweging en die politieke situasie aan die Kaap tydens die oorlog. Hy bespreek ook die agtergrond tot die oorlog. Dit is nie maklik om te bepaal watter sake uitgelig moet word om die agtergrond tot die Anglo-Boere-oorlog te verduidelik nie. Van Bart

skryf onder meer kortliks oor die Jameson-inval en die botsings tussen Paul Kruger en Alfred Milner. Verder verskaf hy biografiese inligting oor twee hooffigure in die oorlog, lords Milner en Kitchener. Dit is nie duidelik waarom hy juis hierdie gegewens selekteer nie. Iemand wat baie min van die oorlog en sy oorsake af weet, kan uit hierdie inligting nie 'n duidelike begrip daarvan vorm nie, terwyl diegene met 'n redelike kennis van hierdie geskiedenis reeds met hierdie sake vertrou behoort te wees. Dit kom soms voor of die emosionele toon van die gedigte deurwerk in die inleiding. Hy skryf byvoorbeeld oor die Jameson-inval as 'n "Brits-kapitalistiese sameswering" (p. xxxii) en (op p. xxxiv) oor die "immorele politieke en ekonomiese eiebelang" van die Britse kapitaliste. (Dat Van Bart veral kapitaliste vir die oorlog blameer en kapitalisme nie binne die breër konteks van imperialisme beoordeel nie, wyk af van interpretasies wat tans wyd aanvaar word in wetenskaplike kringe.) In 'n inleiding tot protespoësie sou 'n baie sobere aanslag meer van pas gewees het. Emosionele taal in die inleiding is steurend en kan die teenoorgestelde uitwerking hê van dit wat Van Bart daarmee beoog.

'n Verdere beswaar teen die inleiding is die omslagtige en ietwat onsistematiese aard daarvan. Daar is 'n voorwoord, erkennings, 'n inleiding, 'n nawoord, 'n bibliografie, voetnotas – eindnotas sou 'n beter term wees – en 'n addendum, en daarna eers word by die faksimilee-uitgawe van die gedigte uitgekom. Verder gebruik Van Bart in sy teks die Harvardmetode om na ander publikasies te verwys, maar maak daarbenewens van eindnote gebruik om bykomende inligting te verskaf. Daar moet dus baie rondgeblaai word as 'n mens die inleidende gedeelte behoorlik wil deurgaen. Die bykomende inligting in die eindnote is waardevol, hoewel sommige notas net sowel deel van die teks kon gevorm het. Sommige van hierdie probleme sou uitgeskakel kon gewees het deur goeie redigering. Hiermee word Van Bart se kundigheid nie in twyfel getrek nie. 'n Skrywer sien egter nie altyd sy eie gebreke raak nie. Dit wil voorkom of kleiner uitgewers soms met die belangrike redigeerproses wegdoen.

Dit kan nogtans net verwelkom word dat die uitgewers kans gesien het om hierdie boek te laat verskyn. Dit is op glanspapier gedruk en bevat 'n aantal toepaslike foto's, onder meer van die ses digters. Die uitgawe van die boek is finansiële moontlik gemaak deur 'n aantal intekenare wie se name voor in die boek vermeld word (net soos wat die oorspronklike bundel ook deur intekenare gefinansier is en wie se name ook herdruk is). 'n Mens sou beswaar kon hê teen die feit dat die heruitgawe van die digbundel 'n inleiding bevat wat sterk gerig is op die skrywers van slegs 'n gedeelte van die gedigte en dat daarmee 'n ietwat eensydige aksent op die bundel geplaas word. Die publikasie kan egter daardeur geregverdig word dat dit die huidige inwoners van Suid-Afrika daaraan herinner dat baie Engelsspreekende Suid-Afrikaners sterk teen die oorlog gekant was. Marthinus van Bart en sy uitgewer het daarvoor gesorg dat hulle stemme van protes nie vergeet raak nie.

P. de Klerk

Noordwes-Universiteit

Annerlike Afrikaans deur Anton Prinsloo
 Sagteband
 ISBN 978-1-86919-265-5
 Kleinhandelsprys is R250.00, 536 bladsye
 Protea Boekhuis

Wie sal weet wat 'n dollewarie is? Of 'n geldmanneling? Van 'n mooi versorgde ouer vrou word gesê "baie kilometer op maar min enommel af". Wat sal tog 'n krompokkel wees? Wie word kolkoppe genoem?

Diegene wat wil weet, kan gerus Anton Prinsloo se jongste publikasie *Annerlike Afrikaans* gaan lees. Dit bevat 'n skat van inligting oor ons land se kontreitale. Die outeur het honderde gesegdes, woorde en sommersêgoed, gebonde aan sekere streke en groepe in ons land, bymekaargemaak, gedokumenteer en betekenis agterhaal. Dis 'n skat van inligting, opgeneem in 'n lywige boekwerk van 536 bladsye. Dit het nie net 'n kosbare naslaanwerk geword nie, maar somer ook 'n boeiende leesboek wat vanweë sy interessante leesstof jou somer uit die slaap sal hou. Ek vermoed dat skrywers/digters/skeppende kunstenaars dit as 'n handige naslaanbron sal gebruik en ek sal nie verbaas wees nie as ons letterkunde so mettertyd met woorde uit Anton Prinsloo se kontreiwoordeboek verryk gaan word nie. Dit is origens glad nie ongewoon nie dat digters byvoorbeeld woordeboeke as naslaanbron/ sinoniemebron gebruik nie. Nederland se beroemdste moderne digter, Lucebert, was klaarblyklik 'n ywerige leser van woordeboeke. Uit sy poësie het dit duidelik geblyk dat hy die vreemdste bestaande woorde benut en uit woordeboeke geput het as inspirasiebron.

Taalkundiges sal openbarende taalverskynsels vind in hierdie kontreiwoordeboek uit die pen van hierdie bekende taalkundige en radiopersoonlikheid. Lesers het as 't ware help skryf aan hierdie boek: Hoewel sommige van die inskrywings al opgeteken is in algemene woordeboeke en in kontreikuns, is heelwat data die produk van die outeur se briefwisseling en gesprekke met taalgebruikers oor die hele taalspektrum van Suid-Afrika.

Met hierdie boeiende werk word die taal van meer as 700 kontreie na die mense toe gebring en so lewend gehou.

Anton Prinsloo is 'n voormalige programleier van RSG se "Die tale wat ons praat" en "Klassieke keuse". Hy het op 10-jarige leeftyd sy eerste stories in die kinderhoekie van die destydse koerant *Die Transvaler* gepubliseer en word sedertdien steeds deur taal betower. Hy was voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans en van die Komitee vir Taaladvies van die SAUK. Ander publikasies: *Feite, flaters, fiksie* ('n versameling taaleienaardighede); *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*, asook *Sleng* (woordeboek van hedendaagse Omgangsafrikaans), *Afrikaans op sy beste* (medeouteur prof. F.F. Odendal). Medeouteur van die Supplement van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Sy werk is bekroon deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die FAK en die ATKV.

J van der Elst

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns